

## Erediens 21 November 2021

### (Preek)

**Reeks:** Om kerk te wees

**Tema:** Om gemeenskap te wees

**Teks:** 1 Joh 1:1-4

### Inleiding

Die Carona virus of Covid soos ons dit nou noem het seker een van die grootste invloede of impak op die wêreld gehad die laaste eeu of twee. Die invloed en impak daarvan lê op verskillende vlakke en het elkeen van ons en die samelewing op verskillende maniere beïnvloed. Dit het 'n groot impak op die kerk en ons geloofslwe. Die ergste vir my was toe ons op Sondag 22 Maart 2020 nie hierdie kerk se deure kon oop maak nie.

Ja dit het nuwe geleenthede vir die kerk oop gemaak, ons aanlyn bediening het ontwikkel en ons is baie dankbaar dat ons ons gemeente en die kerk in die breë ook, lidmate aanlyn kon bedien. Ek stem saam dat dit nuwe moontlikhede en geleenthede vir die kerk gebring het, dws alles is nie net negatief nie. Die kerk van die Here sal nie eers deur 'n pandemie soos Covid ondergaan nie, maar die kerk is erg geraak en beïnvloed daardeur. Kerk is dan ook nie die gebou nie maar lidmate, ons geloofslwe moet ek dalk eerder sê. Daarom dat ons dan hierdie reeks aanmekaar gesit het en deur die reeks probeer ons spesifiek drie goed aanspreek. Willem het verlede week daarvoor gepreek oor die belangrikheid van dood gewoon kerk toe kom op 'n Sondag. Dit is direk beïnvloed deur Covid en isolasie en lock down. Die tweede aspek wat ons reken erg beïnvloed is is die hele beginsel van die **gemeenskap van gelowiges**. Covid, lock down, sosiale afstand, isolasie. kwarantyn het 'n ongelooflike groot impak op die kerk en ons geloofslwe waarvoor ek baie besorg is en bekommerd is op die pad vorentoe, want geloof is nie 'n persoonlike individualistiese ding nie. Dis nie iets wat ek op my eie en in isolasie kan beleef/ervaar nie.

Deur baie genade en kreatiewe maniere kon ons iets van die gemeenskap probeer voortsit tydens lock down dmv zoom geleenthede, aanlyn uitsendings, oproep ens., maar die realiteit is niks kan die fisiese teenwoordigheid van mense, gelowiges vervang nie. Die Christelike geloof is ten diepste gewortel in verhoudings en verhoudings is nie iets wat op 'n flatscreen van my LG by die huis of my iPhone gebeur nie.

Die gevaar is dat ons in hierdie tyd soos Bonhoeffer die gemeenskap van gelowiges kan verloor en dan dan verloor jy soos wat Bonhoeffer gese het, ... **he lost the most precious thing that he possessed fellowship.**

Maar nou wil ek nie net die Carona virus die skuld gee nie, en gun my net 'n oomblik om hieroor ook iets te sê, en dit kom reeds van voor Covid. Die wêreld is besig nog voor Covid om hierdie beginsel van individualisme tot die uiterste toe te dryf, die wêreld is besig om so geposisioneer te word dat ek nie meer ander mense nodig het nie. Ons word so vasgevang in die tegnologie wat vir my alles doen en ek raak so afhanklik van tegnologie dat ek later nie meer mense nodig het nie, ek skep as't ware vir my my eie wêreld op sosiale media . Hiervan is die selfoon die IPHONE met die klem op die I 'n

sprekende voorbeeld. Ek reken dit is iets wat reeds pre-Covid 'n probleem was en wat deur Covid versterk is.

Dit daar gelaat die probleem, uitdaging is op die tafel. Isolasië, sosiale afstand individualisme, eie ek, me myself and I. en dit gaan lyn reg in teoor wat die Bybel se oor die Christelike geloof.

### **Isolasië en sosiale afstand in die kerk**

Prof. Jan vd Watt en ander teoloë en kerk navorsers skryf ook juis hieroor en die impak en invloed wat Covid op die kerk het. Prof van der Watt skryf. *“Die Christendom is in sy diepste wese in verhoudings gewortel. Gelowiges is en bly 'n gemeenskap, 'n geestelike familie wat na mekaar moet omsien en afhanklik is van mekaar. 'n Kool wat uit 'n vuur val en eenkant lê gaan gou dood. Ons het mekaar nodig om die warmte van God se liefde te ervaar. **Dit is en bly een van die hoekstene van die Christelike geloof.** Om die gemeenskap van die gelowiges weg te neem is inderdaad om een van die pilare van die Christendom weg te neem.*

Die isolasië en sosiale afstand wat met Covid 19 gepaard gaan het 'n impak op die kerk en spesifiek die gemeenskap van gelowiges.

“No man is an island”. Ons kan nie gelukkig wees op ons eie nie. Ons kan nie vervuld wees op ons eie nie. Ons kan nie 'n lewensdoel hê op ons eie nie. Ek het al gewonder hoekom is daar gedeeltes op mens se rug waar jy net nie kan bykom om te krap nie! Dis seker om ons te herinner dat ons mekaar nodig het.

Geloofsgemeenskap van whats app, live stream, zoom en you tube is handig en dit help, maar is net nie dieselfde nie.

### **So wat sê die Bybel daaroor.**

Seker een van die belangrikste woorde of beginsels van die Christelike geloof word saam gevat in die woord **KOINONIA**.

Gemeenskap: koinónia, fellowship. Die woord kom baie voor in verskillende verbuigings en vorms in veral die NT.

**Betekenis:** (a) contributory help, **participation**, (b) sharing in, communion, (c) **spiritual fellowship, a fellowship in the spirit.**

Dws gemeenskaplike belang, om saam te behoort, deel te wees van.

- it is the idea of a mutual dependency – partaking, contributing, sharing, linking together as partners with a common life and a common cause
- used of the intimate bond of fellowship which unites Christians:
- of the fellowship of Christians with God and Christ
- **spiritual fellowship, a fellowship in the spirit.**

Die belangrike ding om hier te hoor is dat dit is 'n **spiritual fellowship**. Dit lê op 'n diep geestelike vlak. Die mens is in sy wese 'n verhoudings wese, daarom dat mense nie kon wag om uit isolasië te kom om in kroëë bymekaar te kom en patytjie te hou nie. Maar hierdie is iets anders en dit moet ons mooi duidelik maak dit gaan oor 'n

gemeenskap van **gelowiges** en dit lê op 'n diep geestelike vlak, vertikaal en horisontaal.

- vertikaal mens tot God en
- horisontaal mens tot mens

Dit begin by GOD self. Naamlik in die drie-eenheid wat die volmaakte gemeenskap, verhouding het met mekaar as drie-eenheid. Hiervan word ek dan deel, maar hierdie gemeenskap is nie en kannie in isolasie bestaan nie, dit vorm en raak deel van 'n gemeenskap van gelowiges ek en jy, kollektief die KERK.

### **Wat is die basis/fondament/oorsprong/begin van die gemeenskap?**

**1 Joh 1:1-4** Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom **self gehoor**; ons het Hom met **ons eie oë gesien**; ja, ons het Hom gesien en **met ons hande aan Hom geraak**. Hy is die Woord, die Lewe. **2** Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en **is getuie daarvan**, en ons verkondig aan julle die **Ewige Lewe** wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. **3** Hom wat ons **gesien en gehoor het**, verkondig ons aan julle, sodat **julle aan ons gemeenskap deel kan hê**. En die **gemeenskap** waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. **4** Dit skryf ons sodat ons **blydskap** volkome kan wees.

Hoekom skryf Johannes die brief? Dit gaan hier oor blydskap, volkome blydskap.

**1 Joh1:4** Dit skryf ons sodat ons **blydskap** volkome kan wees.

**Blydskap** xará ("**joy because of grace**") the awareness (of God's) grace, favor; joy ("grace recognized").

**Volkome** - plērōō "be full," fill to individual capacity, i.e. to the extent it is "meet" (appropriate, voldoende, genoeg). fill to the maximum (full extent), "the limit" implies "filled to one's (individual) capacity."

Let op die fokus hier op die kollektiewe, die groep, nie die individue nie. My volkome blydskap lê nie net in my gemeenskap met God nie, maar ook met mekaar.

### **Waarom lê hierdie blydskap?**

#### **Dws om volkome blydskap te beleef gaan oor gemeenskap met God en met mekaar**

Dit gaan hier oor gemeenskap wat op 'n horisontale en vertikale vlak gesetel is. Hierdie gemeenskap is nie net sommer so bietjie bymekaar kom en na 'n lekker preek luister, met 'n lekker vibe mekaar groet en aan die tyd koffie drink nie. Die tipe gemeenskap kan jy kry by 'n sport klud of as 'n klompie pelle saam om 'n braaivleis vuur. Dit is ook nodig want die mens hunker daarna, maar hierdie moet ons hoor lê op 'n baie dieper vlak. Die begin en die fondament daarvan lê eerstens in ons verhouding of gemeenskap met GOD. **Die gemeenskap is gegrond op ons verhouding met die drie-enige GOD**. Kyk hoe mooi verduidelik Johannes dit. Hoe moet ons dit op 'n baie eenvoudige vlak verstaan? Gemeenskap gaan oor sien en voel en hoor. Johannes begin sy brief met die tema van gemeenskap en praat nie daaroor op 'n diep geestelike vlak nie, dit is nie iets virtueel nie, dit is iets baie baie konkreets iets wat jy kan sien en hoor en aanraak. U kry die gevoel, dit wat Johannes hier besig is om te verduidelik.

Gemeenskap kannie in afsondering, eenkant, virtueel ervaar word nie. Hy plaas 'n fokus op sien, hoor en voel (voel is juis om te ontdek)

Wat is die begin punt van ons gemeenskap, wat is dit wat ons aan mekaar verbind? Dis nie iets wat die mens kan fabriseer nie. Dis nie ons denominasie nie, nie ons ras of kleur nie, nie kultuur nie of spesifieke groep nie. Nee dit is die gemeenskap verhouding met GOD. Ons gemeenskap met GOD bind ons aan mekaar ...

Hierdie gemeenskap word bevestig aan ons in die feit dat GOD begeer gemeenskap met sy volk, sy mense:

- Tuin van Eden, God soek Adam en Eva op
- Tabernakel tent van ontmoeting.
- Tempel – God wil die volk ontmoet
- 1 Joh 1 - Jesus wat by ons kom woon en dan 'n gemeenskap vestig
- HG woon in ons.
- **Joh 14:23** Jesus antwoord hom: “As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.

Die gemeenskap begin by GOD, God maak hierdie gemeenskap moontlik soos wat 1 Joh 1:3 bevestig deur Jesus Christus. Wanneer jy tot geloof kom, die Here Jesus as jou verlosser aanneem ontstaan daar 'n verhouding en hierdie verhouding noem ons gemeenskap, fellowship, koinonia met GOD.

The goal of the gospel was not just deliverance from eternal hell; it was that, but not just that; **but fellowship with God** – Father, Son, and we would add Holy Spirit. That's what Jesus prayed for in John 17, “Make them one with Us.” First Corinthians 6:17, “He that is joined to the Lord is one spirit.”

Fellowship is the linking together of those who commonly possess the life of God granted through faith in Christ. We are in the fellowship by salvation and we're in it forever. Our fellowship is with the Father, the Son, and the Holy Spirit, and every other believer. This is our fellowship

Die woord koinonia, word spesifiek hier gebruik wanneer Johannes praat oor die gemeenskap tussen mens en GOD, maar dan ook die gemeenskap tussen gelowiges onderling. **En dit is waarop ek wil fokus, maar ons kannie net spring na die gemeenskap van gelowiges nie, want ons moet hoor en besef dat dit le op 'n diep geestelike vlak en dit begin by ons gemeenskap met GOD.**

**Gemeenskap met GOD beteken gemeenskap met mekaar**

Bonhoeffer het iets hiervan verstaan toe hy skryf, ***“I am a brother to another person through what Jesus Christ did for me and to me. The other person has become a brother to me through what Jesus Christ did for him. The fact that we are brothers only through Jesus Christ is of immeasurable significance.***

Christian fellowship is not an ideal that we hope to realize, that we should realize. **Rather, it is a reality created by God in which we participate.**

Koinonia is soos wat Willem verlede week oor kerk toe gaan gesê het nie 'n opsie nie. Meenende dit moet so wees, dit is so. As gelowige is dit deel van jou geloofslewe. Gemeenskap van die gelowiges is en sal altyd daar wees.

### **GEMEENSAP WORD BEDREIG.**

Die realiteit, gevaar is dat hierdie gemeenskap bedreig word, ek reken dit is een van die duiwel se groot wapens, fokus punte is om die eenheid en gemenskap tussemn gelowiges te verbreek teen te werk. Ons nog nooit in die geskiedenis het ons dit beleef soos nou nie – 'n tyd van isolasie, sosiale afstand, lock down.

Die gevaar is egter ook ons kan dit doelbewus teen, die hele individualistiese wêreld waarin ons meegesleur word.

**1Joh 1:3** Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

Dws omdat ons gemeenskap het met GOD maak dat ons as gelowiges outomaties gemeenskap het met mekaar, ons vorm een geloofsgemeenskap wat aan mekaar verbind is.

Hierdie gemeenskap kan ek nie vir myself hou nie. Brother Lawrence Practicing the Precense of GOD – Ek onthou hoe ek my vroom gehou het op kweekskool en gefokus het op my verhouding met GOD alleen, baie vroom gewees, stilte tyd gehou, eintlik net gefokus op my verhouding met God. In die proses my van mede gelowiges en die geloofsgemeenskap op 'n manier ontrek. Tot eg begin besef het maar dit is nie hoe geloof werk nie geloofs vat grond in die gemaansak met ander. Daar waar jy soos Johannes in 1 Johannes 1 dit noem, daar waar jy die gemeenskap sien, hoor, voel en waar jy getuies van raak!!!

Nou hieroor word daar baie geskryf in die Bybel en daar word baie beelde gebruik om die eenheid en gemeenskap te bevestig. Neem maar byvoorbeeld Ef 2:19-22.

**Ef 2:19-22** Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. 20Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. 21In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, **22in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.**

- Paulus gebruik 5 beskrywings van hierdie gemeenskap van gelowiges: 1) medeburgers, 2) huisgesin, 3) gebou, 4) tempel, 5) geestelike huis. Die eerste twee beelde kom uit die samelewing uit: die politieke en nasionale sfeer, en die kleiner familie-kring. Die laaste drie beelde kom uit die boubedryf uit, maar word duidelik geestelik bedoel.
- Wat my besonderlik tref is dat Paulus hier skryf dat die gemeenskap van gelowiges 'n plek word waar God woon. Soos Hy vir ons 'n plek in Sy teenwoordigheid gegee het, so kry Hy 'n plek by ons, in ons teenwoordigheid. En weereens, dit is nie net ter wille van onself nie, maar sodat Sy teenwoordigheid sigbaar kan word vir die wêreld (soos in hoofstuk 3 verder gemotiveer sal word). Die kerk, as liggaam van Christus, is in 'n

besondere sin nou die beeld van God, **die imago Dei**, (image of GOD) soos die mens dit aanvanklik was (Gen 1:26). 'n Kerklike gemeenskap wat nie hiervoor leef nie, mis sy doel.

God woon in die gemeenskap en omdat God in die gemeenskap van gelowiges woon, moet dit ook in die gemeenskap van gelowiges sigbaar word imago Dei – image, beeld van GOD. Dit vorm deel van die getuieniskarakter van die kerk. Die wêreld moet sien en soek en verlang na hierdie tipe van gemeenskap. Hoe moet dit lyk? Die kerk, gemeenskap van gelowiges moet die beeld van God uitstraal.

**As gemeenskap nie 'n opsie is nie, hoe lyk dit.**

**Voorbeeld van die eerste kerk, gemeente in Handeling**

Dalk is die beste voorbeeld die begin en ontstaan van die kerk. Wat was die een basiese beginsel waarop die eerste gemeente gebou was. GEMEENSKAP

Vriende want dis hoe die kerk moet lyk. Dis wat ons aan die begin van die Christelike kerk sien. Mense kom tot bekering en die kerk van die Here Jesus kom tot stand en hoe moet dit nou lyk. Daar was nie teologiese boeke, Kweekskole, akademiëci en websites wat 'n uitleg gegee het van 10 stappe om 'n kerk te begin nie. Die dinge gebeur nou vining en wat is die kern, die natuurlike wat ontvou.

- **Hand 2:42** (NV) Hulle het **hulle** heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die **onderlinge verbondenheid**, die **gemeenskaplike** maaltyd en die gebede.
- **Hand 2:42** (OV) En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.

Eweskielik is Jesus nie meer hier nie, die HG is uitgestort en wat nou. Die kerk ontstaan onder leiding van die Heilige Gees en hoe lyk dit. Die gemeenskap word voort gesit deur die Heilige Gees in die lewens/gemeenskap van die mense wat glo. Wat is dit wat Jesus geleer het en wat deur middel van die Gees nou geïnspireer word. In die kern van dit alles is dit wat Jesus kom vestig het nl GEMEENSKAP. Jesus het nie noodwendig kom preek nie, maar het heel eerste 'n gemeenskap gevestig 12 dissipels en op die beginsels en fondament van daardie gemeenskap gaan die dissipels nou voort om die kerk te stig: KOINONIA.

**Hand 2:41-47 (Ou vertaling)**

Die wat toe sy **woord met blydschap aangeneem het**, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele toegebring. <sup>42</sup>En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die **gemeenskap** en **in die breking van die brood** en in die **gebede**. <sup>43</sup>**En vrees het op elkeen gekom** (Covid as daar vrees is wat doen hulle – hulle staan saam), en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind. <sup>44</sup>En almal wat gelowig geword het, **was bymekaar**, en het alles **gemeenskaplik** besit. <sup>45</sup>En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het. <sup>46</sup>En dag vir dag het hulle **eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek** en hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet, <sup>47</sup>terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die **Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is. (Gemeenskap groei)**

- **Die wat tot bekering gekom het** – gemeenskap met GOD, eenheid met GOD 1 Joh 1:3
- Wat gebeur as hulle tot bekering kom. Hulle word deel van die gemeenskap met GOD, dit vloei uit op gemeenskap met mekaar –**sigbaar, hoorbaar, tasbaar, getuienis van**
- Vers 43 En vrees het op elkeen gekom (Covid as daar vrees is wat doen hulle – hulle staan saam, ja vriende die kontekste verskil en ons kannie dit net so letterlik opneem en alles verkoop ens nie, dit gaan nie daarvoor nie. Dit gaan oor die beginsel – Wat doen die vroeë kerk, die eerste gemeente, wat is die een uitsonderlike kenmerk wanneer die moeilikheid, vrees beetpak – GEMEENSKAP, KOINONIA
- Hulle was daagliks bymekaar – saam gewees by tempel.
- Saam geeet
- Gemeenskap het groter geraak

Vriende tyd begewe my om verder uit te brei oor die belangrikheid, die essensie van die gemeenskap van die gelowiges. Dit is nie 'n opsie, dit is 'n realiteit. Ek wil by die praktyk uitkom en net iets prakties daarvoor sê en u het hopelik reeds iets daarvan in die liturgie beleef.

As die gemeenskap van gelowiges die Imago Dei is, die beeld van GOD. Hoe moet dit lyk?

### **Gemeenskap as deel van die erediens**

#### **Voorbeeld van La Rochelle (fokus op die erediens, dit gaan egter oor meer as net gemeenskap in die erediens)**

Nou gemeenskap kan op baie vlakke gebeur en plaasvind, Annamarie sal volgende week nog verder uitbrei, maar binne die konteks van ons reeks en in aansluiting by Willem se boodskap oor die belangrikheid van KERK toe gaan, gegewe die konteks van Covid en uitdagings van isolasie en sosiale afstand alleenheid ens is een van die belangrike aspekte van gemeenskap die gemeenskap van gelowiges wat ons in die erediens beleef en ek noem dit net weer vlugtig, want ek het dit in die liturgie reeds in gewerk sodat ons dit nie net hoor nie, maar fisies ook ervaar en beleef.

### **Gemeenskap binne die erediens, samekoms van gelowiges**

**1. Groet mekaar: Rom 16:16** “Groet mekaar met 'n soen van Christelike broederskap.” Soos wat ek al die tekste in die Bybel opsoek wat iets te sê het oor hoe ons teenoor mekaar moet optree, het ek weer dié interessante een op 'n paar plekke raakgelees en bietjie daarvoor gewonder: Ek het die vers ook in 'n paar ander vertalings gelees omdat ek wou probeer verstaan wat daai “soen van Christelike broederskap” kan beteken. “Greet one another with the kiss of peace”, sê die Good News Bible; “groet mekaar met 'n heilige kus”, sê die ou Afrikaanse vertaling; nog ander noem dit 'n “holy kiss” en 'n “warm greeting.” Of ons mekaar nou groet met 'n warm handdruk, 'n drukkie, 'n wang-soen of 'n behoorlike soen moet dit 'n getuienis wees van ons aangetrokkenheid en aanvaarding van mekaar. Wanneer ons mekaar met die een of ander aanraking groet, vra dit dat jy uit jou gemaklike persoonlike spasie en jou persoonlike voorkeure beweeg. Jy maak jou hand, jou arms en jou hart oop vir die

ander persoon en demonstreer dat jy hom respekteer, nie op hom neersien nie en hom erken as mede kind van God. Interessant om te sien hoe mense mekaar soms groet, veral daar waar daar 'n ouderom of status verskil is. Om mekaar te groet (op watter manier ook al) wys dat daar nie kwade gevoelens tussen ons is nie, dit openbaar ons goedgesindheid teenoor mekaar, dis as't ware 'n seëngroet in die naam van Jesus. "Groet mekaar opreg en hartlik soos Christene dit behoort te doen." (1 Kor. 16:20, Die Boodskap.) Hierdie groet is ook 'n fisiese groet in persoon. Jy moet daar wees.

**2. Leer en ondderig mekaar: Kol. 3:16** "Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. "Leer mekaar van Jesus Christus, leer mekaar wat reg en verkeerd is. As iemand 'n fout maak, help hom reg", sê dié teks in Die Boodskap. Gal 6:1 sê ook hoedat ons mekaar in 'n gees van sagmoedigheid moet reghelp. Die fokuswoorde hier is natuurlik "mekaar", "met alle wysheid" en "in 'n gees van sagmoedigheid". Dié een met die wysheid en kennis en insig oor 'n saak, moet dit met sy geloofsgenote deel. Tegelykertyd moet hy natuurlik ook 'n oop hart en verstand hê wanneer iemand anders as die leermeester aan die woord is.

**3. Bid vir mekaar: Jak. 5:16** "Bid vir mekaar" Dit bly een van die belangrikste maniere waarop ons aan mekaar gebind bly, deur vir mekaar te bid. Hoe wonderlik is dit nie as jy hoor dat iemand vir jǒu bid en jou naam voor die Here noem nie. Jy weet daai persoon dra jou belange op die hart en lig jou as't ware op voor die Here. Dis een ding om vir iemand te sê, ek sal vir jou bid. Dit is iets anders wanneer iemand in persoon vir jou bid. Baie keer het mens nie die emosionele of geestelike krag om self te bid nie en dan is dit mos kosbaar om te weet een van jou mede-gelowiges tree vir jou in.

**4. Sing saam met mekaar: Ef. 5:19** "En sing onder mekaar (sing saam) psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hart tot eer van die Here." Om SAAM te sing bevestig ook ons eenheid, ons sing dieselfde woorde en bely daardeur ons geloof. Ons moet saam met mekaar lofliedere sing tot eer van God. Hoekom? Dis 'n manier om as 'n eenheid saam met medegelowiges voor God te staan. Dit verskuif die fokus van onself en ons onderlinge verskille en probleme na God en ons eendersheid in sy oë. Dis 'n manier om almal sáám uit een mond en met dieselfde woorde te verklaar wie die Here vir ons is. Dis 'n manier om almal sáám Sy eer te betuig. Hou 'n lofprysingsaand saam met vriende (en vreemdes), sing as huisgesin saam, luister saam met mekaar na geestelike musiek. En ja, ons kán lofgesange onder mekaar sing sonder 'n orkes, sonder instrumente, sonder spesiale effekte, sonder perfekte nootvastheid. Sing net saam! "Laat alles wat asemhaal, die Here prys!" (Ps. 150:6)

**5. Wees gasvry teenoor mekaar: 1 Pet. 4:9** "Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla." En dit is nie so maklik vir ons nie. Ek troetel soms my eie spasie, ek is jaloers op my privaatheid, ek stel my eie gerief en my tyd hoog op prys en is teësinnig om dit op te offer. Die Boodskap "As iemand by jou opdaag en jou hulp nodig het, help hom met 'n glimlag sonder om onderlangs te kla of te brom." Sonder om te kla of te brom! Ek het nogal gewonder hoe ons hierdie opdrag in ons lewens kan laat



realiseer, aangesien ons in 'n tyd leef waar ons nie ons huise sommer vir enige vreemdeling kan oopmaak nie. Dalk moet ons net ons harte meer oopmaak vir ander mense, hulle toelaat om in ons persoonlike spasie in te kom, hulle intrek in ons gesprekke. Ons moet 'n gasvrye gesindheid hê. Sodoende gee ons vir mense die boodskap dat hulle welkom en aanvaar en veilig in ons teenwoordigheid is. Ons moet mense laat tuis voel in ons geselskap. 'n Ander teks sê: “**wees hartlik teenoor mekaar**” – sien, dit behels jou oop hart, dit vra vir gasvryheid van jou hart. Hoe kan ons dit prakties probeer? Waag dit om iemand vreemd of “anders” as jy te groet en 'n geselsie aan te knoop. Nooi 'n slag iemand anders as jou vriende en familie vir 'n ete – dit hoef nie 'n wildvreemde persoon te wees nie, dalk iemand by jou werk, of 'n gemeentelid, of jou bure. Vat een keer per maand iemand uit vir 'n koffie – elke keer iemand anders – wys vir hulle dat jy belangstel in wie hulle is en wat vir hulle belangrik is. Luister na hulle lewenstories en deel in hulle lief en leed. Die Here maak vir ons spasie in Sy binnekring, ja selfs in sy ewige woning maak Hy vir ons plek gereed. Waarom sal ons dit nie ook doen nie? “Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.” (Heb. 13:2).

**6. Wees lief vir mekaar 1 Pet. 4:8** “Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.” Hier kom ons nou by dié heel belangrikste “julle moet mekaar ...” Sien, die Bybel sê “bo alles”. Soos 'n groot sambreel moet die liefde vir mekaar bo-oor alles wat ons doen en sê en dink opgeslaan word. Soos 'n sambreel mens kan beskerm teen son of reën, moet ons liefde vir mekaar ons verhoudinge beskerm. Die liefde bedek baie sondes, sê die teks. Die sambreel van liefde behoort mekaar se tekortkominge te bedek en doemprofete, kritiese tonge en foutvinders weg te keer van ons geliefdes en medegelowiges. 1 Kor. 13:7 beaam ook met: “... (die liefde) bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.” “Daar is niks so belangrik as dat julle mekaar liefhet asof julle eie lewe daarvan afhang nie. “Hy vul ons lewe elke dag met sy liefde. Dit doen Hy deur die Heilige Gees wat by ons bly.” (Rom 5:5, Die Boodskap) “... En die grootste hiervan is die liefde.”

### **Simbool/teken van gemeenskap – NAGMAAL is 'n teken wat hierdie eenheid bevestig en illustreer**

Ook deel van die erediens is die gemeenskaplike maaltyd naamlik die NAGMAAL. Die nagmaal is die simbool, teken van die gemeenskap met GOD en met mekaar. Jy kannie 'n beter teken/simbool kry as die nagmaal om juis ons eenheid en gemeenskap met GOD te bevestig nie, maar dan ook spesifiek met mekaar.

**1 Kor 10:16-17** Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? 17 Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

” Never is the church more demonstrably and visibly expressing its organic spiritual unity than when it gathers around the Lord’s Table, the beautiful ordinance of Communion.

Die nagmaal bevestig juis die teken van ons eenheid of dan gemeenskap

- Een brood – wys na brood
- Een beker – wys na een bottel waaruit dit gegooi word.

Die teendeel is dat ons van die nagmaal 'n “take away” maaltyd maak. Ek lees iewers in my voorbereiding dat 'n pastoor iewers in 'n groot gemeente die tekens by die deure gesit het en vir die mense gese het met die uitgaan gebruik die tekens van die nagmaal. Covid het op 'n manier iets daarvan kom doen, daarom gebeur daar iets as ons so saam is, daarom al die stoele by die tafel, simbolies om ons aan mekaar te verbind, daar is nie 'n skeiding of afstand tussen julle en die tafel nie. Daarom wil ek julle nooi om juis op hierdie stoele te kom sit en die nagmaal saam te gebruik dat ons die belewenis en ervaring kan he van ons gemeenskap met mekaar.

### **Gebruik van die nagmaal!**

Amen

### **Gepaste beeld om iets van die belangrikheid van die gemenskap te verduidelik.**

One writer said he was absenting himself from the worship and from the Lord's Table. The pastor went to see him, and after they had talked over the issues involved, they were sitting by an open fire. The pastor took the tongs from the fire and separated the flaming coals and spread them around the outer circumference of the open grate. In a few moments, the flames died down, and in another few minutes the coals lost their brightness and grew ashen and dull. The pastor looked at his member and said, “Do you understand?” The man had grace and wisdom enough to say, “Yes, Pastor, I understand.”

And then the pastor took the tongs again, and taking the coals from the outer edge of the grate, he drew them all together. And you, of course, know what happened. They had not been together many moments before they began to glow once more, and then they came up in flames, and the fire was strong. Again, the pastor looked at his erring member and said, “Do you understand? Do you?” He said this: “Let nothing divide you in your fellowship with your fellow believer because you will both be the losers. Not only will you both be the losers, but so will the integrity of the church. The flame will go down and the fires of spiritual life will depart.” He said, “Remember to gather at the Lord's Table. It is there that we are drawn together; and the nearer we are to the Lord at His Table, the nearer we are to one another; and that ignites the fellowship.” It's a Holy Table.